**Dinsdag 7 November**
**Skrifgedeelte: Matteus 22:15-22**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:18, 19**
**Ons verhouding met ’n ongelowige regering: Wil ons eerlik weet wat God sê?**

Die Fariseërs trap toe in die strik van hulle eie komplot. Eers het hulle in die geheim vergader om die strikvraag op te stel en hulle leerlinge af te rig om die gesprek met Jesus aan te knoop. Om kop in een mus met die Herodiane te wees, was vir hulle sleg; nogtans móés hulle geduld word vir die skyn as onder verdenking. Maar dit is veral die heuning om die mondsmeerdery wat hulle gevang het: “Meester, ons weet dat u opreg is en God se weg waarheidsgetrou leer …” (vs 16).

So maak hulle asof hulle sy reg om te oordeel, erken. Hulle was so seker dat Jesus in hulle guns die uitspraak gaan lewer dat hulle valsheid hulle nie pla nie. Wanneer ons onopreg die opregtheid van die Here besing, staan ons saam met die Fariseërs in die beskuldigdebank. Is ons eerlik as ons sê ons wil weet wat God sê oor “gelowiges” en ons verhouding met ’n “ongelowige regering”?

“Waarom toets julle My …? Wys vir My die munt …”(vs 18, 19). So help Hy ons om konkreet te dink en regverdig te oordeel, want Hy is die Een wat “nie die aansien van persone in aanmerking neem nie” (vs 16). Hý sê vandag nog: “Gee dan aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom” (vs 21). So is dit en so sal dit bly.

*Sing Psalm 62-1:5-8*

*Ds. JA Schutte (Johan) (emeritus)*